Leef saam
HUISGELOOF

# Week 2

# AGTERGROND VIR DIE TEKS VAN MARKUS 8:22-26

**Wie?**
Jesus, die blinde man, Petrus en ander dissipels is deel van hierdie verhaal.
**Waar?**
Die gebeure vind in Galilea plaas.
**Wat?**
In Markus 8:27-30 vra Jesus vir sy dissipels wie die mense sê Hy is. Dan vra Jesus ook wie hulle, sy dissipels, sê Hy is.
Petrus sê dan (en praat ook namens die ander): "U is die Christus." Petrus se antwoord is reg, maar hy verstaan nog nie ten volle wat dit beteken nie.
Hierna begin Jesus vir hulle verduidelik dat die leiers, die hoofde van die families en die priesters, asook die skrifgeleerdes Hom nie as die Christus (die Verlosser wat die Jode verwag het) aanvaar nie. Hulle verwerp Hom. Jesus moedig hulle aan om eers stil te bly oor Hom. Jesus wil nie nou al die verkeerde soort aandag trek nie. Hy wil nie hê iemand moet in die pad gaan staan van wat Hy moet doen nie. Jesus se volgelinge verstaan nie regtig wie Hy is en watter soort lyding vir hom voorlê nie.
Jesus se gesprekke met die mense bou voort op die genesing aan die begin van hierdie gedeelte.
In Jesus se leeftyd het die mense nie mooi geweet hoe die mens se oë werk nie. Vandag verstaan ons dat lig by jou oë inkom en jou oë dan 'n beeld van die wêreld vorm. Die mense van destyds het gedink jou oë is 'n venster na die wêreld. Lig skyn vanuit jou binneste en verlig die wêreld. Jy sien vanuit wie jy is. As jy blind is, kan jy nie lig op die wêreld gooi nie. Jy is onrein en het nie 'n volwaardige plek in die samelewing nie.
In hierdie verhaal genees Jesus die man se oë. Eers gedeeltelik, maar dan, na 'n tweede genesing, kan die man alles sien. So herstel Jesus hierdie man se menslikheid en sy plek in die samelewing.
Die man sien eers 'n halwe prentjie en dan die volle prent. Dit werk presies dieselfde vir die dissipels se geestelike oë. Hulle verstaan gedeeltelik wie Jesus is, maar hulle sien nie die volle prent nie. Daarom vra Jesus hulle om eers stil te bly oor Hom.

Leef saam
HUISGELOOF

# Week 2

**Waarom?**

Tot nou toe het Markus vir Jesus geskilder as die Seun van God wat wonderwerke doen. Nou begin hy ’n tweede prent van hierdie Seun van God skilder: Jesus is die lydende dienaar wat Hom in gehoorsaamheid beskikbaar stel om verwerp te word en deur diep lyding te gaan, selfs totdat Hy “verlate van God” (15:33) is. Niemand mag in sy pad staan wanneer Hy dit wil doen nie. Daarom sê Jesus vir Petrus, wat Jesus nie as die gehoorsame, lydende Messias wil sien nie: “Moenie in my pad staan nie, Satan … want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil” (8:33).

Let op dat Satan hier dalk eerder na ’n benaming verwys as wat dit ’n eienaam is. Jesus sê nie Petrus is die duiwel of dat die duiwel in hom werk nie. Satan beteken “aanklaer” of “advokaat”. Daar was dan ook sekere antieke volke wat ’n satan in die koningshof gehad het. Hy was daarvoor verantwoordelik om die mense te versoek om hulle lojaliteit te bepaal.

# Leef saam
HUISGELOOF

# Week 2

## WELKOM

- Vertel vir mekaar waar het jy die week vir God raakgesien of beleef. Al is dit in die wind wat waai of in 'n mooi blommetjie.

## WONDER

Lees saam Markus 8:22-26.
Gesels dan saam:

- Hoe sou jy gereageer het as jy gesien het hoe Jesus die blinde man genees?
- Omdat die man blind was, sou die mense hom nie volkome aanvaar het nie. Hoe verander dit wanneer Jesus hom genees?
- Die blinde man kon letterlik nie sien nie, maar hy kon Jesus herken. Die dissipels kon Jesus letterlik sien en kon sê wie Hy is, maar hulle kon nie raaksien wie Hy werklik is nie. Vertel van 'n keer toe jy onverwags iets oor God ontdek het wat jou prentjie van God verander het.

## WEES

Indien julle tyd het hou 'n fliekaand en kyk Ferdinand the bull saam. Gesels na die tyd hieroor:

- Wat het mense van Ferdinand verwag?
- Hoe het hy verskil van hulle verwagtings?

OF

1. Een kind (of ouer) is blind en maak hul oë toe.
2. 'n Ander persoon staan 'n entjie weg en praat saggies.
3. Die "blinde" kind moet die stem volg tot by die persoon.
4. Die persoon mag net praat — geen aanraak nie.
5. Wanneer die kind daar kom, maak hy/sy hul oë oop.

Leef saam

HUISGELOOF

# Week 2

*Gesels daarna:*

- *Hoe het dit gevoel om nie te kon sien nie?*
- *Was dit maklik of moeilik om net die stem te volg?*
- *Wie se stem moes jy vertrou?*
- *Hoe help Jesus ons, selfs wanneer ons nie alles kan sien nie?*

.

## WEGSTUUR

*Probeer hierdie week elke dag bewus raak van God rondom julle. Let op waar julle Hom in die alledaagse lewe raaksien, en gesels elke aand om die tafel of in die kar oppad skool toe oor waar julle God die vorige dag beleef het.*